

**Maandag 14 Augustus**

**Skrifgedeelte: Romeine 6:1-14**

**Fokusgedeelte: Romeine 6:11, 13**

**Dood vir die sonde – lewend vir God**

Ons word dikwels herinner dat ons 'n sondige aard het. Dit herinner ons hoe verlore ons in onself is en bevestig waarom ons geheel en al van God se genade afhanklik is. Ons mag egter nie in die sonde vasval soos in 'n modder-gat nie. Selfs die genade is nie 'n doel op sigself nie, want dan sou ons inder-daad kon aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem.

Die doel van God se genade is 'n herstelde, heilige lewe van dankbaarheid. God volstaan nie by genadige vergewing nie. Deur die geloof maak Hy ons een met ons Here Jesus Christus sodat ons saam met Hom dood is vir die sonde en lewend vir God. Die gelowige kan en moet daarom weer doen wat God wil. Ek kan nie my sondige natuur en my erfsonde as 'n verskoning voor-hou om aan te hou sonde doen nie, want die Here Jesus het my verlos en die Heilige Gees maak my lewend.

Ons worstel wel nog met ons ou sondige natuur. Daarmee hou Romeine 7 rekening, maar in hoofstuk 8 word ons opnuut verseker dat die oorwinning vasstaan vir elkeen wat deur die Heilige Gees beheers word.

Stel daarom vandag en elke dag as koninkryksburger elke deel van jou liggaam in diens van God om sy wil te doen. Doen dit onder die heerskappy van die Heilige Gees, omdat jy in die geloof een is met ons Here Jesus Christus en daarom saam met Hom vir God lewe.

*Sing: Psalm 71:2, 9, 14 (1936)*

*Ds. HB (Bernard) Hattingh (Emeritus)*